

Sentrum verwesenlik een van Nellies se drome



Johan en Desiré Hattingh.



Coenie de Villiers.

MBOMBELA - Hoëskool Nelspruit se nuwe kultuur- en veeldoelsentrum is Woensdag aand in gebruik geneem. Dit was 'n spesiale aand wat deur meer as 400 van die skool se ouers, personeel en vriende bygewoon is. Ceonie de Villiers en die Charl du Plessis Trio het tydens die stylvolle funksie opgetree.

Volgens skakelbeampte, Aliche Bezuidenhout het gaste die pragtige musikale optredes terdeë geniet. Skouspelagtige verhoogeffekte het verras voordat Klokslag, die skool se groot klok, gelui is. Dit het die seremoniële inwyding van die kultuursentrum ingelui. Die aand is met Coenie se ou gunstelinge en klavierspel afgerond terwyl die trio met hulle op en wakker, moderne styl beïndruk het. “‘n Hoogtepunt van die vertoning was ‘n spesiale verwerking van Coenie se ‘Karoonaag’, gebegelei deur die trio,” het Bezuidenhout gesê.

NHS hou elke vyf jaar ‘n fondsinsameling. Dit word ‘n fiëstaarjaar genoem. Verlede jaar se fiësta het fondse vir die bou van die sentrum asook die nuwe Astro-hokkieveld en nuwe B-rugbyveld ingesamel. Volgens Bezuidenhout het rolspelers soos die Trust vir Afrikaanse Onderwys, Atterbury Trust en die breë skoolgemeenskap ook bygedra.

Skoolhoof dr. Louis Swanepoel het hierdie rolspelers bedank en die inwyding van die sentrum “die verwesenliking van ‘n Nellie-droom” genoem.

“Dit strek tot voordeel van die leerders en sal hulle in staat stel om op ‘n hoërvlak met stadskole mee te ding en te presteer,” het Bezuidenhout gesê.

Die gebou sluit ‘n dans- en kunsateljee en ‘n klankopnamefasiliteit in. ‘n Museun bring hulde aan alumni soos die Hertzogpryswennner Chris Barnard, die



Stoffel en Anja van Beek, Rani en Sias Bosch en Zahn Hulme.

gevierde skrywer Marita van der Vyver, en Springbokke Duane Vermeulen en Werner Kok.

“Die argitektuur van die gebou verleen ‘n meer moderne aanslag tot die skool,” het Bezuidenhout gesê. ‘n Keramiekklip-kunswerk deur oud-Nellie-kunstenaar, Anton Bosch is buite die gebou aangebring. Dit simboliseer die verskillende fasette van NHS. ‘n Palmtak is ‘n sentrale deel daarvan. Dit verwys na die skool se leuse, “Palman Qui Meruit Ferat”, wat beteken, “Laat hy

wat dit waardig is, die palmtak dra”. “Die feit dat sy seun Sias Bosch, ook ‘n oud-Nellie op die argitektuurspan is van Gerhard Jooste wat die gebou ontwerp het, is baie spesiaal,” het sy bygevoeg. ‘n Pragtige beeldhouwerk deur Arend Eloff van ‘n swartwitpens wat oook op die skool se wapen verskyn, staan voor die gebou. Dit is deur die matriekgroep van 1983 onder leiding van Piet van Dyk geskenk.

Die sentrum sal vanjaar die middelpunt van Innibos se boekeprogramme wees, soos die ATKV Boek-Oase, die Kinder Boek-krôl en verskeie boekbesprekings.


“Ons spreek ons opregte dank aan alle rolspelers uit: NHS-leerders, die skoolgemeenskap, Atterbury Trust en die Trust vir Afrikaanse Onderwys (TAO) wat aan hierdie lang gekoesterde drome vlerke gegee het,” het Swanepoel gesê.

- Swanepoel wat die projek geïnisieer en geleei het, tree einde Junie as hoof by NHS uit om sy aandag voltyds aan sy verpligtinge as president van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie te bestee. Johan Hattingh sal as waarnemende hoof oorneem totdat ‘n permanente aanstelling gemaak word.

- Die doel van die TAO is om Afrikaanse onderwys te ondersteun en te bevorder onder ander met behulp van ‘n vennoot, die Atterbury Trust wat op sy beurt met die doelwitte van die Dagbreek Trust en TAO assosieer en graag hul kundigheid deel met die doelstelling om aan Afrikaanse skole vlerke te gee.



André Coetzee en Adel Hobbs.



Charl du Plessis.



Dr. Louis Swanepoel en Louis van der Watt.

Discover the many benefits of talking to your children

MBOMBELA - An increasing number of parents are aware of the influence that their behaviour has on the development of their young child.

Several such parents joined the Penryn Prep learning support team on May 18 for insightful talks on the topics of language development and why talking to your child is important.

The expertise shared by language therapist, Gillian Scorgie and occupational therapist, Megan Bense included interesting facts, practical advice and red flags that parents need to pay attention to.

As Scorgie pointed out, children whose parents engage in conversation with them hear, on average, three million more words than children who are excluded from conversation. The child that is talked to shows marked development over other children, such as the ability to self-regulate behaviour and using self-talk to problem-solve.

Some of the practical tips shared with parents included:

- Talk to your child while driving. Have a real

conversation with questions and turn-taking.

- With very young children, build the expectation that you want them to communicate and respond to you.
- Reading for 15 minutes a day adds approximately one million words a year to your child's vocabulary.
- Maths and science ability is strengthened through the use of related words. For example size, orientation, and sequence. Parents can, for example, count the number of houses in the street leading to the child's house, the number of which the child must also know.
- In terms of emotional development, parents need to praise the process, not the person and also praise specifically and not in general.
- Language development is affected by aspects such as attention span, body posture, and sensory integration.
- Screen time in excess of 90 minutes per day has an effect on attention and learning ability.

Bense highlighted some of the red flags that parents need to be aware of and which could hamper language



Learning Support therapists at Penryn Preparatory school, Gillian Scorgie and Megan Bense with an example of an easy-to-use sensorimotor activity for young children.

development, such as:

- Children not reaching their development milestones.
- Inability to move the tongue independently from the jaw.
- Poor fine and gross-motor skills.
- Difficulty in sequencing.
- Poor attention.

- Poor posture.
- Breath holding.
- High-pitched voice.
- Poor body awareness.

It is advised that parents monitor these and address any concerns to the child's teacher. Bense suggested more paired reading with children and plenty of sensory play.